# 24 April 2024 - Lesing 296 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Kritiek op die goddelike Woord, openbaar geestelike hoogmoed – 7/7/62

**NO: 8208** Tot watter geestelike hoogmoed verstout die mense hulleself wat My genadegawes van bo wil kritiseer of om hulleself geroepe te voel om daaroor te kan oordeel.

**Die goddelike Wysheid kan nie met die verstand bevat word nie**. Hulle kan slegs die genade om korrek te dink afbid, wat hulle ook sal ontvang, omdat hulle dan alreeds met My in verbinding tree. Wie egter slegs met sy verstand wil oordeel, wie werklik glo om deur middel van sy gedagtes binne te kan dring in die Waarheid en die Oorsprong daarvan, is aanmatigend en sal steeds sy ontoereikendheid moet toegee en hy sal ook moet insien dat hy geen reg het tot so 'n ondersoek nie, **omdat die geestelike gebiede vir hom geslote is,** wanneer hy dit nie onder My begeleiding betree nie.

Maar die mense matig hulleself tog sulke dinge aan en hulle kom dan met 'n oordeel wat nooit korrek kan wees nie, omdat die mens net solank in duisternis verkeer as wat hy die vereniging met My nog nie nagestreef het nie, **maar wat ook die diepste deemoed en 'n insien van die eie gebrekkigheid vooropstel**, waarin die mens homself dan deemoedig tot My sal wend en My om verligting van sy denke kan vra.

Wie maar net sy aardse lewe leef, wie niks daaraan doen om sy innerlike lewe in orde te bring nie, wie dus glo om alles met die **menslike verstand** te kan deurgrond en te motiveer, is waarlik nie daartoe geroep om te oordeel oor 'n **goddelike genadegawe** nie, want vir hom sal sowel die gebeure van die oorbring asook die ryke genadestroom wat na die aarde vloei, onbegryplik wees en bly, omdat hierdie mens **alle insig verloor het** deur sy val in die diepte van weleer en dit daarom in hom nog duister is.

Hy moet eers 'n **lig in homself** laat ontbrand wat tot stand gebring word deur **onbaatsugtige liefde**, maar dan moet hy ook in deemoed die swakheid van sy verstand besef en hy die geestelike gebiede nie meer sal betree om dit met behulp van sy verstand te deurgrond nie.

En tog matig baie mense hulself 'n oordeel aan **wie nie in die minste daartoe bevoeg is nie.** En dit is 'n teken van groot **geestelike arrogansie**. En hulle sal steeds meer in die duisternis beland, tot hulle hulleself na My Self sal keer en dan ook deur My ingelig kan word, **wanneer hulle verlange na die waarheid ernstig is.**

Maar julle sal dan deemoedig na My toe moet kom, want **slegs aan die deemoedige skenk Ek My genade**. En sodra julle hoogmoedig van gees is, heers My teenstander nog oor julle, wat vol hoogmoed is en dit ook aan julle wil oordra. Baie mense is so oortuig van die skerpte van hulle verstand, **dat hulle geen onderrig wil aanneem nie** en hulle sal ook nooit met die reine waarheid bekendgemaak kan word nie, **omdat waarheid slegs deel van 'n deemoedige mens kan wees**, want sy gaan van My af uit en maak steeds net indruk op die harte van diegene wat hulself in diepste deemoed aan My oorgee.

**Maar by wie hoogmoed is, ontbreek die liefde**; want hy is nog heeltemal gebonde aan hom wat sonder liefde is, wie homself egter bo alles stel en wie My ook nie wil erken as sy Heer nie.

**Behoed julle daarom teen geestelike hoogmoed**, dit maak julle net volledig blind in die gees en nooit sal julle dan My genadegawe kan aanneem en vasgryp nie, want dit sal vir julle slegs **verwronge gedagtes** wees en geen lig uitstraal nie, omdat die teenstander dit verhinder, wat julle in diepste duisternis wil bly hou om julle nie te verloor nie. Amein.